

**16 April**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 9:17-34**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 9:17-34**

**“’n Verantwoordelikheid getrou nagekom”**

In hierdie gedeelte word vir ons vertel wat die verantwoordelikheid was van verskeie Leviete rondom die versorging van die tabernakel. Hulle was “die Levitiese familiehoofde wat volgens hulle stamboom, die leiers was”. Die versorging van die tabernakel en later die tempel was baie belangrik, want dit was die sentrum van die Israëliete se godsdienstige lewe – eintlik hulle hele lewe.

Hier word vir ons vertel hoe die verskillende “amptenare” hulle taak getrou uitgevoer het, selfs oor geslagte heen. Sommiges het op die oog af minder belangrike verantwoordelikhede gehad, ander baie belangrik. Gesamentlik het hulle die opdrag gehad om die volk so te lei dat hulle getrou en gehoorsaam aan die Here sou wees.

Elkeen van ons het ook ’n taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die gemeente se goeie funksionering en ten opsigte van die samelewing in die algemeen. Ons kernverantwoordelikheid is om God en ons naaste lief te hê. Hieruit vloei voort om oral en altyd Jesus se getuies te wees. Oor baie geslagte heen en deur baie gelowiges is hierdie verantwoordelikheid getrou nagekom.

Ook ek en jy het hierdie opdrag van God ontvang. Hieruit vloei daar natuurlik voort ’n lewe wat op elke terrein aan God se wil en voorskrifte toegewy moet wees. Ons Here Jesus het ons hierin voorgedaan en Hy het sy Heilige Gees gestuur om ons hierin by te staan. Kan daar van jou getuig word dat jy jou verantwoordelikheid getrou nakom?

*Sing: Psalm 40:4 (1936)*

*Ds. RJP (Roelf) du Plessis (Emeritus)*